

Pretoria- 6 Februarie 2011

Skriflesing: Esegïel 22

Teks: **Esegïel 22:5b**

Sing: Ps. 102:1,6; Ps. 2:1,6; Ps. 108:2; Ps. 75:1,3

Broeder en suster, ons het verlede week gesien hoe koning Nebukadnesar by 'n kruispad gestel was. Moes hy eerste na Jerusalem of eerste na Rabat gaan. Eerste na die kerk of eerste na die wêreld. Jerusalem wat tog die Godstad moes wees, maar hierdie stad, daar waar God se kerk van daardie tyd moes wees word eerste geoordeel. Die kerk sal ook geoordeel word. As God die kerk bedreig sal Hy die wêreld ook nie spaar nie. Jerusalem se mure sou omval, maar Rabat wat dan die wêreld van daardie tyd verteenwoordig se mure het net so inmekaar moes val.

Ons het nog drie maal die woord gelees- Eseg.21:27: *Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak...* Dit was alles ingelei deur v.26 waar die Here sê- *Die tulband moet weg en die kroon moet af..* Die tulband wat moet weg is die hoëpriesterlike tulband. Op sulke tulbande was die woorde geskryf- HEILIG AAN DIE HERE... weereens is dit kerklike betekenis wat hier na vore kom, maar die kerklike is nie los te maak van die staatkundige toestand van daardie tyd nie. Die tulband om die priester se kop is nie los te maak van die kroon op die koning se kop nie. Altaar en troon, priesterskap en koningskap, al twee staan geskrywe tot dieselfde oordeel. Die oorlog wat van die Here kom is daarom 'n heilige oorlog, want moet u onthou, broeder en suster, soos dit in v.27 ook staan- aan God behoort die reg. God het reg op die tempel en die altaar en die kerk net soveel soos wat God reg het op die troon en die paleis en die parlement. Kerk en staat word beide geoordeel, want die God wat die reg vashou, dit is alleen God wat op sulke puinhope 'n nuwe begin kan maak. God bou op puinhope, dit moet ons nooit uit ons gedagtes verloor nie.

As dit nie was dat God op die puinhope van die wêreld weer sy ryk, sy koninkryk kom stig het nie, dan sou in hierdie wêreld van die koninkryk van God nie sprake kon wees nie. Al is daar tulbande wat moet af en krone wat moet weg, dan weet ons God regeer juis by die gebreekte troon en die weggegooide tulband, maar vandag kom daar in Esegïel 22 nog weer iets by wat mens na jou eie tyd en jou eie omstandighede laat kyk. Trouens dit het Esegïel ons eintlik elke keer laat besef ons eie tyd en ons eie omstandighede is nie verhewe bó wat hier gebeur nie.

Pretoria- 6 Februarie 2011

Daar word oor Jerusalem baie dinge gesê. Ons het keer op keer moes hoor hoe die mense in die stad met baie gruwelike dinge besig was. Geweld en onreg was aan die orde van die dag. Dan is dit geweld wat van regeringskant kom in hoe die arm mense en weduwees en wese onderdruk was. Dit is die priester wat die wette van die Here eenkant toe skuif en tussen wat rein en onrein is nie meer wou onderskei nie. Die konings, die priesters staan skuldig, maar die ekonomie in Jerusalem was daarop uit dat elkeen net soveel geld kan maak as wat moontlik is, ongeag wie hierdeur skade gaan lei. En die profete, hulle wat die Woord moes uitdra, hulle wat na alle kante God se reg moes verdedig, hulle word die groot sus middel in wat gebeur. Profete wat maak asof hulle die Here se mond is- so het Esegïël dit elke keer kon aantoon- dat dit profete is wat lieg as hulle sê – *So sê die Here HERE, terwyl die Here deur hulle nie gespreek het nie...* profete wat heeltyd met mooi woordjies allerhande onreg met wit kalk wil toesmeer. Hulle pleister met wit kalk...

As ons vandag Eseg.22 oopmaak dan staan hier in ons teksverse eintlik 'n opsomming van wat besig is om te gebeur. Daar kan vir alles en alles seker moeilik 'n beter opsomming gekom het as wat hier staan- die hoofsaaklik wat alle beskuldigings teen Jerusalem tot een sin saamtrek is dat Jerusalem is *vol van rumoer!* Jerusalem het 'n stad geword ryk aan lawaai. Lawaaiige mense wat eintlik geen rede het en geen reg het om so lawaaiig te wees nie. Om nou hierdie twee so bymekaar te moet sien staan, JERUSALEM en LAWAAI (rumoer!) dit tref ons dalk nie dadelik nie, broeder en suster, maar ons moet besef wat hier aan die gang is. Een kant is Jerusalem wat die stad van Dawid verteenwoordig, ons weet hoe die tempel die terrein van heiligheid was, dat selfs toe die tempel gebou moes word, moes daar op die tempel terrein stilte heers. 1 Kon 6:7- *En toe die huis gebou is, is dit opgetrek van klippe, kant en klaar uit die breekplek, hamers en koubetels, enige ystergereedskap, is nie gehoor by die huis toe dit gebou is nie...*

Die reëling was en so het Salomo en die bouers hulle regulasies gehad dat die lawaai wat daar moet wees, moet daar vêr wees. Die beitels en hamers wat die klippe vir die tempel moes uitkap en rég kap moes alles op die breekplek gebeur, daar was die baie lawaai. Die oomblik wanneer die klippe hier in Jerusalem op die tempel terrein aankom, was dit wat mens seker ook kan noem, 'n hoorbare stilte.

Pretoria- 6 Februarie 2011

Nou moet ons verder gaan, broeder en suster, maklik dink ons dat die lawaai wat die profeet nou in Jerusalem hoor verwar kan word met stad se lawaai. Hierbuite pla die lawaai ook baie keer, die getoet van taxi's en die gelui van sirenes die harde gedreun van allerhande enjins in karre en motorfietse wat Sondag glad nie meer die dag van stilte maak soos baie van ons opgegroeï het nie, maar kom ons wees waar Esegïel was.

Esegïel het dit nie teen sulke lawaai nie, want teen sulke lawaai kan 'n stadsraad en metropolisie as hulle wil, nog optree, die wil is ook nie meer daar nie (dit daargelaat!), maar daar is 'n rumoer baie erger as 'n moderne stad se lawaai. Dit is nie die geraas wat ons ore pla nie, want dit gaan op stuk van sake nie werklik om ons wanneer ons hier bymekaar is nie, maar die rumoer wat die Here na moet luister, dit is wat ons moet besef. Die Jerusalem wat daar moes wees, moes 'n kerk-stad wees en nie 'n stadskerk nie. Wat bedoel ons daarmee? Die kerk moet nie na die stad toe wou hunker nie, dit moes veel eerder die stad wees wat moet hoop om by die kerk te kom. Soos dit eendag sal wees, 'n nuwe stad wat gaan kom in wat die kerk moes wees.

Soos dit nou in Jerusalem gegaan het, vol van rumoer, dit is lawaaityd, dan het ons tyd geen tekort hieraan nie. Dit tref ons elke dag soos Jerusalem in daardie tyd getref was. In meer geleerde taal praat hulle van 'n epigone tyd. 'n Epigone tyd is wanneer 'n land en 'n volk 'n lang tyd moet deurgaen waar daar nie eintlik daadwerklike leiers is wat na vore kan kom en die leiers styf vasgryp en orde op sake en rus en stabiliteit in alle sektore kan vestig nie. Ons kan ook sê daar was nie geestelike reuse nie... Op sigself is so 'n epigone tyd nie noodwendig sleg nie, want die geskiedenis het dit ook al bewys so 'n tyd kan 'n tyd van vasmaak en vashou wees.

Selfs op kerklike terrein het ons in Openbaring 3 die pragtige getuïenis van 'n epigone gemeente, as ek dit so mag noem. In Op.3:8 lees ons van die gemeente van Filadelfia- hulle het min krag. Daaraan kan nie die gemeente (geen mens) enige verskil gemaak het nie, maar dan tref dit 'n mens wat die Here van hierdie kerk sê – nie dat dit vol rumoer is nie- inteendeel- die Here sê – al het julle min krag, *maar julle het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie...* Dit alles begin in Op3:8 waar hulle die Here kon erken as die Een wat vir hulle 'n geopende deur gegee het en niemand kan dit sluit nie. Wat is hierdie geopende deur anders as geleenthede wat benut word en reg benut word. Geleenthede wat God gee om

Pretoria- 6 Februarie 2011

volgens God se metode ook sy werk te doen. Filadelfia was in haar kerk-wees nie vol rumoer nie, maar die een hand het stewig aan God en sy Woord vasgehou, hulle het my Woord bewaar, maar die ander hand wou Christus ook nie verloën nie. Met die ander hand is daar na ander mense uitgereik, al was daar niemand met hoogs uitsonderlike leierseienskappe nie. So is daar gebid en gewerk, om Christus bo-alles te erken en die oop deure van elke dag raak te sien, goddelike oop deure, wat niemand wou toemaak nie. Al was daar geen groot name en belangrike mense in die gemeente nie en selfs hulle getalle was maar klein, maar die epigone kerk kan weet dat 'n kerk se sterkte word nie in mannekrag per uur gemeet nie. Die werfkrag en die oortuigingskrag lê in ons kerk wees daar waar ek in die oop deur van God staan en ek hou aan God se boodskap vas en wil in geen opsig Christus verloën nie. So 'n kerk is anders as wat God oor Jerusalem moes uitroep- *vol van rumoer*.

Weet u waar kom die rumoer vandaan, waar ons reeds gesê het dit is nie maar die gewone stads lawaai nie. Maar dis 'n dieper geraas! Dit is wanneer 'n epigone tyd oorgaan in epigonisme. Jerusalem was daardeur hard getref. Wanneer donkie vullens resiesperde genoem word. Elke pa of ma begin dink my donkie vul is 'n resiesperd. In 597vC was die ballingskap oor Jerusalem uitgevoer. Die leiers onder die volk en hulle wat groot verantwoordelikhede gedra het, was die grootste deel in die ballingskap weg, so was ook Esegiël weggevoer. In Jerusalem het eintlik agtergebly hulle wat nooit vantevore hierdie leiers posisies gehad het nie. Opeens met die ander klomp in die ballingskap weggevoer het die agtergeblewenes skielik seggenskap begin kry wat die hele stad sou betrek. En nou gebeur wat ek oortuig is ons nie kan ignoreer nie, wanneer sulke mense op alle terreine van die lewe gesag moet begin hanteer wat eintlik nie vir hulle is nie. Dit maak 'n hele stad, ja 'n hele land lawaaiërig en rumoerig.

Jeremia wat in dieselfde tyd as Esegiël profeet van die Here was, maar Jeremia was onder die agtergeblewenes in Jerusalem en Jeremia het dit alles beleef hoe rumoerig sy eie mense nou is. Hulle wat al te maklik sommer gesê het, ons wat agtergebly het, die Here het ons uitverkies. Daardie klomp wat weggevoer is, die Here straf hulle maar wat die lawaai nog groter gemaak het, is die politieke rumoer wat daar in Jerusalem was. 'n Tyd van epigonisme is 'n lawaaityd, want in Jerusalem was daar die deel van die volk wat die Egiptiese party was, hulle wat geglo het polities moet ons aansluiting by Egipte soek, om sodoende Nebukadnesar en sy Babiloniese juk van ons af te gooi. Maar tog was daar ook die groep wat meer 'n vorm

Pretoria- 6 Februarie 2011

van federalisme ondersteun het dat klomp klein landjies moet saamkom, die Moabiete, die Filistyne, die Ammoniete, moet met die klompie in Jerusalem saamkom, hulle noem hulleself dan die Kanaänitiese party en so kon hierdie party deur die saamkom sy krag monster. Daar was in Jerusalem dan ook nog die party wat nog Egipties nog Kanaänities wou wees, maar gesê het ons bly by Babel, so was hulle dan die Babiloniese party.

En nou soos dit in die politiek gaan het hierdie partye in die een stad Jerusalem mekaar nie gespaar nie. Mekaar vertrap en mekaar skade wou aandoen wat met politiek in al sy vuilheid saamhang, waar die een net sy eie voordeel soek, nie ter wille van die ander een nie, maar altyd werk dit mos in groot dele van die politiek nie ter wille van die ander een nie, maar ten koste van die ander een! Jy is 'n ellendige Egiptenaar, jy is 'n vervloekte Babiloniër, jy is 'n slegte Kanaäniet. So word daar met mekaar gepraat, oor en weer beledig en vervolgd en selfs die mense wat die minste sulke politieke weerstand kon bekostig, die weduwees en van die kinders loop deur, want sou dit lyk die groep vroue kies die een party se kant, dan vat die party met die groter mag die kos van die tafels af weg. So het die profete van die Here dit aanskou dat daar in die politiek aan die weduwees en wese geen reg verskaf was nie.

Elke een van die partye in die stad is nog boonop deur 'n gees van epigonisme gedryf, waar daar nie navolging vanweë oorspronklikheid is nie, maar navolging deur na-aping waar die leegste blik die grootste lawaai kan maak. Toe koning Josia nie meer in Jerusalem was nie, die koning wat met die Woord en die swaard van die Here wou regeer, toe hy moes wegval, toe was nie een van sy seuns nie, nie Jojakim nie, nie Jojagin nie, nie Sedekia nie, niemand daarop ingestel om te bou op wat hulle pa opgebou het nie. Trouens hierdie jongmanne na Josia het geglo met die politiek en die voortdurende reorganisasie en allerhande soorte van ooreenkomste met ander volke regeer jy 'n land, want min het hulle na Jeremia en Esegël wou luister. Trouens Sedekia is die man wat vir Jeremia later nie meer kon verdra nie, hom in die modder gegooi en sy geskifte verbrand!

Die opsomming wat die Here gee as 'n stad so deur sy eie politiek opgevreet word, is kort maar kragtig. *Vol van rumoer...* Maar broeder en suster, hierdie politieke rumoer word baie gou kerklike rumoer. Daar het in Jerusalem die politiek van die strate toe die tempel ingevaar want het die Egiptiese party na die tempel wou kom en ook aan die Egiptiese gode erkenning wou gee, so dieselfde met die ander partye. Die Kanaänitiese gode, die Babiloniese gode

Pretoria- 6 Februarie 2011

moes nou hulle plek en hulle reg, selfs tot in die tempel verkry. In die tempel was daar geredeneer dat die priesters van die Kanaänitiese Baäl is beter as die Babiloniese god Bel.

In vv 6-16 staan hulle oortredinge opgestapel, daar is geen gebooie van die Here wat nie vertrap was nie. Dit laat Esegiël dan ook vanaf v.17 sien hoe hierdie lawaaistad in 'n smeltoond gaan beland. Die vorste in jou- vv.6 en 27 word elke keer by name uitgesonder, hulle trek die breë massas agter hulle aan en saam met die vorste staan in v.26 ook die priesters. *Hulle verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie en die verskil tussen rein en onrein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word deur hulle ontheilig.*

Dit wat ons hier lees, dit moet ons besef kan nie maar net gesien word, ag dit is nou Esegiël en sy tyd en ons ken dit darem nie!? Watter groot lawaai word hier nie gemaak nie. Nie net in politieke vergaderings nie.... in die aanloop tot die munisipale verkiesings is juis dit weer die tyd van groot rumoer! Hierdie land in sy politieke retoriek wat ook maak asof nie net elke party nie, maar ook elkeen se god maar gesien moet word as deel van die reg van hierdie of daardie een, hoe klink dit vir u?! Belangriker nog- hoe klink dit vir die Here?! Die Here wat kan uitroep- *Die tulband moet weg en die kroon moet af...*

Die God wat daarop reg het om dit vir ons te sê, Hy wat sy reg aan net Een gegee het, om in ons lewe regspraak te doen. Hy ons Here Jesus Christus wat Hoof is van hierdie kerk en niemand anders as net Hy het reg op ons nie. As aan Hom alleen alle mag behoort, dan behoort alle reg ook aan Hom. Alleen Hy wat in ons reg erken moet word en in ons grondwet erken moet word. Hierdie land met sy handves van menseregte is in baie opsigte net 'n lawaaimaker waarvandaan die lawaai al verder gaan uitkring. As ons nie meer die lofsang en die gejubel en die aanbidding in die Naam van die enigste ware God in 'n epigone tyd hoor nie, dan het ons die fase van epigonisme ingegaan, dan is dit mense wat lawaai maak, volop, so baie hulle maak 'n hele plek vol van rumoer. Die kerk kan lawaaikerk word wanneer die kerk toelaat om 'n politieke speelbal in hierdie wêreld te word.

Dan is daardie smeltoond ook die kerk se oond. Die Here waarsku baie duidelik die lawaaimakers- dat *soos silwer en koper en yster en lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaargemaak word om daarteen 'n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle*

Pretoria- 6 Februarie 2011

bymekaarmaak in my toorn en in my grimmigheid en julle ingooi en smelt... Sulke groot rumoer is maar soos skuim op die bier. Dis daar maar dit beteken eintlik niks. Dit sit maar net aan die lippe van hom wat die lawaai maak.

En dan wanneer ek en ons elkeen na onself begin kyk, want hierby moet dit eindig, broeder en suster, wat doen ek behalwe dat ek eintlik maar soos Israel net vol rumoer is?! Ons wat hard kan praat oor allerhande beginsels en hoe dolerend ons is en ons bid aan tafel en ons hou huisgodsdien, ons kinders wil ons na christelike skole stuur, dan bly die vraag, het ek werklik dié lewe dat Christus deur die salwing van die Heilige Gees reeds in my gestalte kon kry?! Ek in Hom en Hy in my! Is daar werklik in jou dit wat Paulus ook van praat die dinge wat met die eenheid van die geloof saamhang, ons praat onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liederes (Ef.5:19), ons sing dit, psalmsing, maar op grond van die verborgenhede wat groot mag wees, is ek nie selfs met 'n Psalmboek voor my oop, baie keer net 'n geluidmaker, dalk nog erger 'n lawaaimaker nie. Ons moet van lawaai-geloof verlos kan word. In daardie verborge omgang met God, iets wat ek ander nie mee kan oordeel nie, juis daarin kom die verskil tussen lawaai-christene en hulle wat werklik in Christus is.

Dit is ook nie te sê die stilte van 'n graf is sonder lawaai nie. Dit gaan nie hier in hfst. 21 en 22 dat ek moet kies tussen die lawaai van 'n oorlog (hfst. 21) of die stilte van 'n graf (hfst. 22)nie. Baie keer lei die lawaai tot die stilte, want as die slag in die oorlog gelewer is, die lawaai maak die grafte oop, wat dan? Dit gaan nie daarvoor om maar net stil te wees nie, geen geluid meer te maak nie, maar ons het die stille werk van die Heilige Gees in ons lewens so nodig. Hy wat op so besondere wyse, verborge wyse, ja mag ek sê op 'n stille wyse deur die lewende Woord werk. Ons wat in 'n epigone tye lewe, so wil dit my lyk, ons sal by hfst. 23 moet uitkom, want in hfst. 23 gaan dit oor die gevaar van skynbeking.

AMEN